

4 Augustus

Skrifgedeelte: Johannes 10:22-42

Fokusgedeelte: DL, VD 5:3

**Christus bewaar my vir ewig!**

Die dwaalleraars het beweer dat die uitverkore kinders van God wel vir ewig verlore kan gaan, asof God nie magtig genoeg is om dit te keer nie. Die Sinode het egter die dwaling verwerp wat sê: "Die ware gelowiges en wedergeborenes kan nie alleen heeltemal en onherroeplik uit die regverdige geloof, die genade en saligheid uitval nie, maar val inderdaad ook dikwels daaruit en gaan vir ewig verlore."

Die Sinode het hierdie dwaling verwerp, want: "Hierdie opvatting maak juis die genade en die wedergeboorte en die voortdurende bewaring deur Christus kragteloos." Jesus Christus het tog self gesê (vers 27-29): "My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie."

As uitverkore kind is dit dus onmoontlik om verlore te gaan! Jesus self gee aan my die ewige lewe en sê "hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie". Hierdie troos gee vir my vastigheid en bestendigheid in my geloof! Dit gee vir my 'n vaste hoop op die ewige lewe! Daarom probeer ek nie koorsagtig om genoeg te doen om gered te word nie, maar uit dankbaarheid daarvoor dat ek klaar gered is en my eindbestemming by God deur Jesus self verseker is, lewe ek 'n lewe van dankbaarheid, diensbaarheid en gehoorsaamheid!

Selfs onder pogings van mense of Satan om my uit God se hande te ruk hoef ek nie panikerig te word nie, maar kan ek op my Here vertrou wat gesê het: "Niemand sal hulle uit my hand ruk nie."

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~